

BELANGRIKE NUUSFLITS

Die veranderinge in aftreefondse is uitgestel tot vroegste Maart 2016!

Baie gerugte en misverstande oor die veranderinge in die aftreefondsbedryf het tot onnodige vrese en verwarring gelei. Die meeste van die gerugte is nie waar nie. Die regering het egter aangekondig (na besprekings met die Departement van Arbeid en NEDLAC) dat die voorgestelde belastingwetgewing tot vroeg in Maart 2016 uitgestel sal word.

Watter van die veranderinge word uitgestel?

- Die verandering in voorsorgfondse met aftrede: Pensioenfondse en voorsorgfondse sal, tot verdere kennisgewing, steeds volgens die wet twee aparte entiteite bly, en hulle aftreevoordele sal verskillend hanteer word. Met ander woorde, 'n lid van 'n pensioenfondse mag een derde van sy/haar lidvoordele as 'n eenmalige kontantbedrag neem en die balans moet vir die aankoop van 'n maandelikse pensioen gebruik word. Lede van voorsorgfondse sal steeds die opsie hê om hulle volle aftreevoordele as 'n eenmalige kontantbedrag te neem.
- Belasting op aftreefondsbydraes: Die bestaande perke vir belastingaftrekkings op bydraes tot pensioen- en voorsorgfondse is steeds van toepassing.

Ons sal die veranderinge met lede bespreek sodra die aangepaste wetgewing gefinaliseer is.

IMPAK VAN RENTE OP RENTE

Baie lede probeer om die regte tyd in die markte te voorspel vir beleggings of verandering in beleggings en verloor geld in die proses. Die tabel dui aan dat dit baie meer belangrik is om geld vir so lank as moontlik te belê. Rente op rente (kumulatiewe rente) is 'n besondere effektiewe manier om jou belegging te laat groei. Met ander woorde die tydperk wat 'n lid se geld in die markte belê is, is dus baie belangriker as om die optimale tyd in die mark te voorspel.


Die tabel bevestig ook die boodskap dat lede nie hulle voordele in kontant moet neem met bedanking nie, want as jy die geld onttrek, is die geld se tydperk in die mark vir ewig verlore.

OUDERDOM

BYDRAES

UITBETALING OP 60

25 Jaar




R400
maandeliks gespaar
vir 35 jaar

Totale bydraes:
R168 000

R 1 518 655



35 Jaar



R400
maandeliks gespaar
vir 25 jaar

Totale bydraes:
R120 000

R 530 733



LIEWE LID

Sjoe! Hierdie jaar het baie vinnig verby gevlieg! Dit voel asof ek nou net my vorige brief geskryf het waarin ek sê dat dit herfs is, en nou kan ek pragtige lentebloem deur my venster sien. Dit was ook vir die aftreefondsbedryf 'n interessante paar maande.

Ons het die beplande veranderinge aan voorsorgfondse in die April-nuusbrieff verduidelik. Baie gerugte en misverstande oor die veranderinge in die aftreefondsbedryf het tot onnodige vrese en verwarring gelei. Die meeste van die gerugte is nie waar nie. Die regering het egter aangekondig (na besprekings met die Departement van Arbeid en NEDLAC) dat die voorgestelde belastingwetgewing tot vroeg in Maart 2016 uitgestel sal word. Dit beteken dat geen veranderinge, soos bespreek in die nuusbrieff van April 2014, nou sal plaasvind nie.

Dit is vir my 'n plesier om aan te kondig dat die Raad van Trusteess Me. Wahida Parker as die Raad se Voorsitter herverkies het. Me. Parker se kwalifikasies en ondervinding as 'n onafhanklike trustee voeg waarde tot die Fonds toe. Ons wens haar alles van die beste toe vir haar nuwe termyn as Voorsitter.

Ons onlangse kompetisie (om jou selfoonnummer aan die administrateur te verskaf) was 'n reuse sukses – dankie vir julle deelname. Baie geluk aan al die prysweners. Geniet julle pryse!


Die Raad van Trusteess hersien die Fonds se formele beleggingstrategie op 'n jaarlikse basis. 'n Paar interessante besluite sal in die volgende paar maande geïmplementeer word. Hou ons volgende nuusbrieff dop vir meer inligting oor verdere verwikkelinge.

Ten slotte kan ek nie die belangrikheid van spaar vir aftrede genoeg beklemtoon nie. Baie geluk – as 'n lid van die Fonds spaar jy wel vir 'n beter aftrede. Dit is 'n belegging wat jy nooit sal berou nie.

Onthou asseblief om jou begunstigde nominasievorm gereeld te hersien. Hierdie vorm help die Raad van Trusteess wanneer hulle jou sterftevoordele moet toeken.

Alles van die beste vir die feesseisoen wat nou om die draai is. Die lede wat op die paaie gaan wees: Ry veilig!

Brenda Krummeck
Hoofbeampte



IMPAK VAN RENTE OP RENTE

Lees die volledige artikel in hierdie nuusbrieff.



Vir verdere beleggingsnuus besoek www.vurf.co.za

GONSWOORD vir November

PENSIOEN:

'n **Pensioen** is 'n maandelikse inkomstevoordeel wat betaal word deur 'n geregistreerde versekeraar van die lid se keuse, nadat 'n lid besluit het om met aftrede sy aftreevoordeel in 'n maandelikse inkomste om te skakel.

**BLY KALM
EN HOU AAN
MET SPAAR.
JOU SPAARGELD
VIR AFTREDE
IS VEILIG.**

HOE HET JOU FONDS PRESTEER?

Verso Sambreel Aftreefondse: Beleggingsportefeuljes

Portefeuljes	September 2014	3 maande	1 jaar	3 jaar	5 jaar
Investment Solutions Performer	0.14%	0.91%	15.15%	20.58%	17.44%
<i>Maatstaf</i>	<i>0.07%</i>	<i>0.81%</i>	<i>15.03%</i>	<i>19.43%</i>	<i>16.40%</i>
Investment Solutions Spectrum	-0.19%	0.42%	13.75%	19.26%	16.18%
<i>Maatstaf</i>	<i>-0.20%</i>	<i>0.44%</i>	<i>14.17%</i>	<i>19.13%</i>	<i>16.26%</i>
Verso MET Balanced Growth	0.00%	0.95%	12.91%	15.58%	13.35%
Momentum MoM Target Factor 4	-0.11%	1.33%	11.19%	12.12%	n/a
<i>Maatstaf CPI+4%</i>	<i>0.68%</i>	<i>2.41%</i>	<i>10.42%</i>	<i>9.92%</i>	<i>9.33%</i>
Verso MET Secure Growth	0.20%	1.21%	10.41%	12.61%	10.97%
<i>Maatstaf CPI+3%</i>	<i>0.60%</i>	<i>2.17%</i>	<i>9.42%</i>	<i>8.92%</i>	<i>8.33%</i>
Sanlam Monthly Bonus	1.34%	4.34%	19.07%	14.18%	12.21%
Verso MET Money Market	0.65%	1.42%	6.54%	6.55%	6.96%

NOTAS:

1. Alle opbrengste is tydigeweeg en word bruto van beleggingsbestuursfooe gekwoteer.
2. Die Sanlam Maandelikse Bonusfondse se bonusse is netto van waarborg en bruto van beleggingsbestuursfooe.
3. Beleggingsopbrengste vir periodes langer as 12 maande word as 'n opbrengs per jaar aangedui.
4. Ons het sorg aan die dag gelê om te verseker dat die inligting in hierdie opsomming korrek is. Die opsomming is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie vir enige verlies of skade as gevolg van enige onakkuraatheide aanspreeklik gehou word nie.
5. Verso Multi-bestuurder fondse word deur Cisca geregleer en dus moet alle opbrengste netto van fooe gepubliseer word. Die bruto opbrengste wat Verso Multi-bestuurder vir hierdie opsomming voorsien het, is 'n geskatte berekening en nie die werklike bruto opbrengste nie.

Gedagte vir die dag:

Slegs ongeveer 6% van alle Suid-Afrikaners kan tans hulle leefstyl met aftrede handhaaf, en hulle inkomste ten volle vervang. Dit is duidelik dat hierdie situasie dringend aangespreek moet word. Ons verset ons dikwels teen die verandering wat ons nodig het en ons aanvaar die ongemak in plaas daarvan dat ons die waarde daarvan verwelkom. Ons sal wel later die vrugte pluk.



Illustrasie: Colin Daniel

BAIE GELUK aan al die WENNERS!

Ons het verneem dat dit 'n onverwagse en welkome verrassing vir die wenners was!

Ledebeesonderhede wat op datum gehou word is baie belangrik vir die Trusteese. Hulle het besef dat hierdie taak vir lede tydrowend is en het probeer om dit vir die lede meer aangenaam te maak deur middel van kompetisies.

Ons is verheug oor die onlangse reaksie wat ons ontvang het en ons kondig graag die wenners aan.



**Eerste prys
wenner**

Me. Rietoff
van Elgin Free
Range Chickens



**Tweede prys
wenner**

Me. Aphane
van TH Machine
Tools



**Derde prys
wenner**

Mnr. van Jaarsveld
van Springbok
Toyota (Pty) Ltd

Geniet die pryse!

Vir die res van julle, ons sien uit na julle deelname in die volgende kompetisie!

KONTAK BESONDERHEDE

📍 Belmont Office Park, Twist Straat, Bellville. 7530 ✉ Posbus 4300, Tyger Valley, 7536
☎ Telefoon: 021 943 5300 📠 Faks: 021 917 4600 📧 E-pos: info@vurf.co.za 🌐 webwerf: www.vurf.co.za

RAAD VAN TRUSTEES:

Me W Parker (Onafhanklike Trustee en Voorsitter), Mnr S Kennard (Verso-aangestelde Trustee), Mnr W Rossouw (Onafhanklike Trustee), Adv C Franken (Verso-aangestelde Trustee), Mnr W Breytenbach (Verso-aangestelde Trustee), Mnr E Thomson (Verso-aangestelde Trustee), Me Brenda Krummeck (Hoofbeampete)

VRYWARING:

Ons het ons bes gedoen om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is. Die nuusbrieff is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat as gevolg van enige onakkurate beriggewing gely word nie.